**Donderdag 6 Julie**
**Skrifgedeelte: Romeine 3:1-19 (AFR53)**
**Fokusgedeelte: Romeine 1:10, 11**
**Ons enigste troos in ons verlossing is danksy die kennis van ons ellende**

Wie geen ellende het nie, het geen verlossing nodig nie. Wie dus in die wonderlike troos van die volkome verlossing in Jesus Christus wil deel, moet eers van sy sonde (ellende) oortuig wees.

Hoe kom jy tot so ’n oortuiging? Paulus werk daaraan in Romeine 3. Hy skryf: “… Almal het gesondig …” Wie is die almal? Paulus benadruk dat dit vir Jode en Grieke geld. Die Jode sou saamstem dat die Grieke sondaars is. Maar, sê Paulus, julle is ewe sondig. Almal het gesondig, julle is tot die dood toe skuldig voor God.

God se wet is die enigste spieël waarin jy dit kan sien. Luister na die liefdesgebod: “Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan, is: jy moet jou naaste liefhê soos jouself.” Kan jy die toets slaag? Het jy God met jou hele wese lief? Doen jy werklik alles tot sy eer? Nee, niemand kan die toets slaag nie. Jy is ook ’n sondaar soos al die ander. Jy kan ophou om van jouself meer te dink. Waar bly die roem? Paulus sê dit is uitgesluit.

Jy moet besef dat jy tot die dood skuldig voor God is. Hierdie besef werk die Heilige Gees in jou, sodat jy moet smag na die volkome verlossing wat God jou in Jesus Christus skenk. As jy Jesus Christus dan ken soos God Hom aan ons in die Bybel openbaar, en jy vertrou Hom met jou hele hart, sal jy ook in hierdie enigste troos deel.

*Sing: Psalm 32-1:1*

*Ds. SA Cilliers (Sarel) (emeritus)*